Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2012

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, insluitende 'n aanhegsel.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | (35 punte) |
| AFDELING B | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C | Taal | (35 punte) |
| AFDELING D | Skryfstukke | (20 punte) |

2. Beantwoord ALLE vrae in Afdelings A, B en C.
   In Afdeling D moet slegs EEN vraag beantwoord word.

3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

6. Laat ŉ reël tussen die antwoorde oop.

7. Skryf netjies met blou of swart ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A KYK- EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

# Ma begin veldtog (*campaign*) om skoolboelies te stop



[*http://distractible.org/wp-content/uploads/2008/12/kids-fighting.jpg*]

1. **Genoeg is genoeg!** ŉ Woedende ma het ŉ georganiseerde veldtog begin om die **boelie-kultuur in skole** te stop.

2. Me. Annelene Potgieter van Port Elizabeth se **14-jarige dogter, Melene**, was onlangs die **slagoffer van ŉ boelie**. Melene is op 14 Junie by ŉ private skool deur ŉ ander kind aan die keel gegryp, aan haar hare getrek en geslaan. Volgens ŉ doktersverslag was haar wang en neusbrug geswel en was daar naelmerke op haar wang. Daar was selfs snye aan die slymvliese aan die binnekant van haar mond. ŉ Vriendin van Melene is tydens die voorval ook aan die hare getrek en in die gesig geskop.

3. En toe sy boonop verlede week Rapport se berig oor die aanval op Kobus Ehlers (11) van Rustenburg lees, het sy besluit om daadwerklik op te tree. Potgieter het saamgespan met ŉ prokureur, ŉ berader en ŉ prokureursklerk om ŉ **nie-winsgewende organisasie** te stig om **skoolboelies** vas te vat. Hulle is besig om hierdie organisasie, ***Fighting Giants***, te registreer.

4. "Ek sê gedurig vir ouers en kinders om op hul regte te staan, maar hulle weet nie hoe nie, want hulle ken nie hul regte nie," sê Potgieter. *Fighting Giants* wil prokureurs oor die land heen inspan om **gratis regsadvies** te bied aan die slagoffers van geweld in skole. Potgieter is ook vol planne om geld in te samel om geldelike steun aan slagoffers te verleen. Hulle beplan ook ŉ **bewusmakingsveldtog by skole** sodat kinders weet daar is maniere om boelies te stop.

5. "Ek is trots op my kind wat ŉ dapper besluit geneem het om nié ŉ stilswyende slagoffer te wees nie," sê Potgieter.

6. Die departement van onderwys het weer besluit om nie te reageer op Rapport se navrae oor boelie-voorvalle in skole nie. Skakel 082 6113 495 of stuur ŉ e-pos na crim.ba6@ gmail.com vir meer inligting oor ***Fighting Giants***.

[*Verwerk uit: Rapport, 4 Julie 2011*]

**VRAE:**

1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter (A–D) langs die gepaste nommer neer.

Die volgende woord in **paragraaf 1** dui daarop dat hierdie ma, Annelene Potgieter, baie kwaad was …

A genoeg.
B woedende.
C veldtog.
D boelie. (1)

1.2 Van watter stad in Suid-Afrika is me. Potgieter oorspronklik? (1)

1.3 Wat het op 14 Junie met Melene Potgieter by die skool gebeur? (1)

1.4 Verwys na **paragraaf 2**.

1.4.1 Is Melene die enigste leerder wat ŉ slagoffer van geweld by die skool was? (1)

1.4.2 Haal ŉ sin uit die koerantartikel aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.5 Wat het Annelene finaal laat besluit om iets omtrent boelies in skole te doen? (1)

1.6 Met watter DRIE **mense** het Annelene gewerk om die organisasie, *Fighting Giants*, te stig? (3)

1.7 Haal EEN WOORD uit **paragraaf 3** aan as bewys dat Annelene geen winste uit *Fighting Giants* sal verdien nie. (1)

1.8 Waarom, volgens **paragraaf 4**, word kinders baie keer van hul regte ontneem? (1)

1.9 Watter WOORD **in paragraaf 4** dui daarop dat leerders wat van *Fighting Giants* vir regsadvies gebruik maak, nie hoef te betaal nie? (1)

1.10 Behalwe regsadvies, watter **ander funksie** het die organisasie, *Fighting Giants*? (1)


1.11 Noem EEN van die twee maniere waarop ons meer inligting oor *Fighting Giants* kan kry. (1)

1.12 Wat sal jý doen as jy geboelie word? (1)
**[15]**

## VRAAG 2 RESENSIE

Lees die onderstaande resensie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

### Doring van ’n jeugboek steek nuwe grense oor




1. Vir Thomas is die lewe maar baie moeilik. Die feit dat sy vriende Lukas, Thabo en Hannes ’n musiekgroep begin sonder om hom enigsins in die saak te ken, is vir hom bitter. Om dit galbitter te maak, hoor hy boonop dat dié “band”, die Hectic Hamburgers, aan ’n groot rockfees gaan deelneem.

2. Die verdere vals noot in sy lewe weergalm toe hy per ongeluk mnr. Volschenk, die skoolhoof, met ’n leë koeldrankblikkie raakskop. Sy doelskop word beloon met verf en ’n kwas vir die mure van die skool.

3. Ook op liefdesgebied voer hy maar ’n opdraande stryd. Volgens Thomas bring sy meisie, Alex, en Hannes hopeloos te veel tyd saam deur. Die klimaks van die verhaal is wanneer mededinging tot gewelddadige optrede lei. **thomas@rock-ster.net** rock inderdaad!

4. Carina Diedericks-Hugo kry dit reg om in die agtste boek in die Thomas-reeks die tegnologiese behoeftes en belangstellings van tieners met ’n leeservaring te bevredig. Sy maak gebruik van QR-kodes wat lesers na foto’s, klankgrepe en video’s lei. Lesers lees nie net nie; hulle kry die geleentheid om te hóór hoe die musiekgroepe klink. ’n Spesiale MXit-kanaal vir Thomas en sy vriende, asook Fangs, Thomas en Thabo se gunstelingspeletjie, sorg vir oneindige digitale pret.

[Verwerk uit: Die Burger, 29 Augustus 2011]

**VRAE:**

2.1 Waarom is die lewe vir Thomas so moeilik? (2)

2.2 Noem die name van die drie lede van die musiekgroep, Hectic Hamburgers. (3)

2.3 Wat is die naam van Thomas se skoolhoof? (1)

2.4 Watter straf word Thomas opgelê toe hy per ongeluk die skoolhoof met ’n koeldrankblikkie raakskop? (1)

2.5 Watter groot opdraande stryd het Thomas op liefdesgebied? (1)

2.6 Hoeveel boeke is daar in die Thomas-reeks deur Carina Diedericks –Hugo geskryf? (1)

2.7 Wat is die naam van Thomas en Thabo se gunstelingspeletjie? (1)

**[10]**

**VRAAG 3 RESEP**

Lees die onderstaande resep en beantwoord die daaropvolgende vrae:

## Maklike pizza



**Genoeg vir 4 mense**

**Bestanddele:**

500 $g$ gekoopte brooddeeg
80 $ml$ (⅓ $k$) tamatiepasta
200 $g$ cheddarkaas, grof gerasper
200 $g$ mozzarellakaas, grof gerasper
1 chorizo, in klein blokkies gesny
250 $g$ kersietamaties, gehalveer
sowat 80 $ml$ (⅓ $k$) soet brandrissiesous
handvol koljanderblare

**Metode:**

1. Voorverhit die oond tot 200 $°C$ en smeer ’n groot bakplaat met olie of kossproei. Sprinkel ’n bietjie meel oor.
2. Rol die deeg uit op ’n meelbestrooide werkoppervlak en deel dit in ewe groot deegballe. Laat rys vir sowat 20 minute.
3. Rol die deegballe baie dun uit en sit dit op die voorbereide bakplaat.
4. Smeer van die tamatiepasta op die pizzas en bak vir 5 minute.
5. Versprei die res van die bestanddele behalwe die soet brandrissiesous en koljanderblare en bak vir nog 5-10 minute of tot gaar.
6. Stip die pizzas met die sous en sprinkel die blare oor.

[Verwerk uit: Huisgenoot, 3 Oktober 2011]

**VRAE:**

3.1 Hoeveel mense kan jy met hierdie pizza bedien? (1)

3.2 Haal EEN woord aan wat as bewys dien dat die brooddeeg nie tuisgemaakte brooddeeg is nie. (1)

3.3 3.3.1 Sê slegs of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

Jy het 2 koppies tamatiepasta vir die resep nodig. (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 3.3.1. (1)

3.4 Noem slegs EEN van die twee tipes kaas wat vir die resep gebruik word. (1)

3.5 In hoeveel stukke word elke kersie-tamatie gesny? (1)

3.6 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat bewys dat die pizza nie aanvanklik in ʼn koue oond geplaas moet word nie. (1)

3.7 Wat moet jy op die werkoppervlak sprinkel voordat die deeg uitgerol word? (1)

3.8 Hoe lank moet die deeg rys? (1)

3.9 Watter blare moet oor die pizza gesprinkel word? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4 WAT KAN JY DOEN OM MEER SELFVERTROUE TE KRY?

- Som **SEWE dinge op wat jy kan doen om meer selfvertroue te kry.**
- Som die **WENKE in SEWE** goeie sinne op.
- Skryf jou SEWE SINNE onder mekaar neer en nommer die sinne **4.1–4.7**.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as **60 woorde** wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as **65 woorde** skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

**KRY MEER SELFVERTROUE...**

1. Voor jy soggens opstaan, dink aan een positiewe ding wat jy al reggekry het. Dit kan selfs iets kleins wees soos dat jy 'n bejaarde persoon die straat help oorsteek het. Herleef daardie oomblik.

2. Dink twee keer per dag twee minute lank aan iemand met hope selfvertroue. Verbeel jou jy is daardie persoon en boots hul liggaamshouding na. Mense met selfvertroue hou gewoonlik hul koppe hoog en maak oogkontak. Staan en praat soos hulle en jy sal dieselfde wenhouding kry.

3. Verbeel jou hoe fantasties dit sal wees om tonne selfvertroue te hê, hoe maklik dit sal wees om nuwe mense te ontmoet en hoe jou sosiale lewe sal blom. Terwyl jy hieraan dink, druk jou duim en middelvinger op dieselfde hand teen mekaar. Herhaal dit vier keer.

4. Probeer die volgende: Staan voor die spieël, maak jou oë toe en onthou 'n kompliment wat iemand jou gegee het. Herhaal hul woorde vier keer in jou gedagtes tot jy goed voel en pak dan jou dag aan.

5. Dink aan 'n situasie wat jou in jou sokkies laat bewe; soos om jou mondeling voor die klas te doen. Dink dan aan vyf sleutelwoorde om te beskryf hoe jy graag op daardie oomblik sou wou voel, soos ontspanne, sterk, kalm. Laat hierdie gevoelens jou gedagtes vul.

6. Jy moet probeer om meer gemaklik in jou eie vel te wees. Ander mense se kritiek sal dan nie so baie vir jou beteken nie.

7. "Wanneer ek sleg voel, gebruik ek daai gevoel om my te motiveer om harder te werk. Ek gee my net een dag om myself te bejammer", sê Beyonce (sangeres).

[Verwerk uit: Huisgenoot, 6 Oktober 2011] **10**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C TAALWERK

### VRAAG 5 WOORDSTRUKTURE

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg:

**WENKE OM VEILIG OP MXIT TE BLY**

**5.1 (Onthou)**, mense is nie altyd eerlik nie. Die "sy" met wie jy **5.2 (chat)**, is dalk 'n hy. Moenie jou persoonlike inligting - of jou vriend **5.3 (s'n/sin)** soos jou **5.4 (naam),** skool, **5.5 (adres)** en selfoonnommer uitgee nie. Moenie mense wat jy aanlyn ontmoet, in die regte **5.6 (werêld/wêreld) 5.7 (alleen)** ontmoet nie.

As **5.8 (jou/jy)** ongemaklik voel, **5.9 (blok)** die gebruiker of verlaat die **5.10 (kletskamer/sitkamer)**. Beskerm jou MXit-pinnommer en moenie dat iemand anders jou selfoon gebruik **5.11(...).**

Sosiale netwerke soos MXit word vir **5.12 (skool + werk)** en selfs vir berading gebruik. Hoërskoolleerders wat probleme met **5.13 (Mathematics)** ervaar, het ook toegang tot lesse. Childline **5.14 (SA)** bied ook berading deur MXit. Hierdie beraders weet hoe om mense **5.15 (...)** help. MXit modereer die kletskamers tot **5.16 (14)** uur per dag.

[Verwerk uit: http://www.jip.co.za/nuus/Die-mechanics-van-MXit]

**VRAE:**

5.1 Verskaf die **antoniem** vir die woord tussen hakies. (1)

5.2 Gee die korrekte Afrikaanse vertaling vir die Engelse woord, **"chat"**. (1)

5.3 Kies die **gepaste woord** tussen hakies. (1)

5.4 Verskaf die **verkleinwoord** vir die woord, **naam**. (1)

5.5 Verskaf die **meervoud** van die woord, **adres**. (1)

5.6 Kies die **korrekte spelling** van die woord tussen hakies. (1)

5.7 Gee die **intensiewe vorm** van die woord, **alleen**. (1)

5.8 Kies die **korrekte woord** tussen hakies. (1)

5.9 Lei die **korrekte werkwoord** van die woord, **blok**, af. (1)

5.10 Kies die **gepaste woord** tussen hakies. (1)

5.11 Skryf die **ontbrekende woord** neer. (1)

5.12 Vorm 'n **samestelling** van die twee woorde. (1)

5.13 Gee die korrekte Afrikaanse **vertaling** van hierdie Engelse woord. (1)

5.14 Verskaf die volle **Afrikaanse** woorde van die afkorting, **SA**. (1)

5.15 Verskaf die ontbrekende **infinitief**. (1)

5.16 Skryf die getal 14 **voluit**. (1)

**[16]**

## VRAAG 6 SINSTRUKTURE

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg:




[Spotprent uit : Die Burger, 22 April 2011]

Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui:

6.1 Skryf die volgende sin oor in die **VERLEDE TYD**:

Jy help Hector om nuwe klere te kies.

Begin soos volg: **Jy het** … (1)

6.2 Skryf die volgende sin oor in die **TEENWOORDIGE TYD:**

Hector het die klere in die openbaar gedra.

Begin soos volg: **Vandag** … (1)

6.3 Verbind die onderstaande twee sinne met die **voegwoord** tussen hakies:
Hector hou nie van nuwe klere nie. Hy doen nooit sy eie inkopies nie. (**dus**) (1)

6.4 Skryf die volgende sin oor in die **TOEKOMENDE TYD:**

Sy is verbaas dat Hector kortbroeke dra.

Begin soos volg: **Môre** … (2)

6.5 Beantwoord die volgende sin in die **ONTKENNENDE VORM**:

Jy moet Hector help om nuwe klere te kies.

Begin soos volg: **Nee, jy** … (2)

6.6 Verander die onderstaande VRAAGSIN na ʼn **STELSIN**:

Is dit regtig ʼn droom?

Begin soos volg: **Dit** … (1)

6.7 Herskryf die onderstaande sin en gee die korrekte **WOORDORDE:**

Hector verskyn (in die openbaar) (met 'n pers hemp) (vandag).

Begin soos volg: **Hector verskyn** … (1)

6.8 Skryf die onderstaande sin in die **INDIREKTE REDE**:

Hy sê: "Ek het te groot geword vir omtrent alles wat ek het."

Begin soos volg: **Hy sê dat** … (2)




6.9 Skryf die onderstaande sin in die **LYDENDE VORM**:

Hy bespeel 'n kitaar.

Begin soos volg: **'n Kitaar** … (1)

6.10 Skryf die onderstaande sin oor in die **korrekte vorm**:

Jy vra 'n ou wat sedert graad 4 dieselfde hemp dra.

Begin soos volg: **Jy hoef** … (2)

**[14]**

## VRAAG 7 KRITIESE TAALBEWUSTHEID

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarna volg:




7.1 Wat omtrent die lyftaal van die reusagtige man in Raampie 1 wys dat hy kwaad is?

A Sy oë is wyd gerek.
B Hy druk sy wysvinger in Hägar se gesig.
C Beide A en B.
D Hy noem Hägar sy boet. (1)

7.2 Waarom verdwyn Hägar se glimlag in Raampie 2?

A Hy besef die ander man wil met hom baklei.
B Hägar is dors.
C Hy is teleurgesteld, want hy moet huis toe gaan.
D Nie een van bogenoemde nie. (1)

7.3 Wat sê vir ons dat Hägar heel moontlik nie van plan is om te baklei nie?

A Hy fluister vir sy vriend.
B Hy sit nog steeds.
C Hy bestel ŉ drankie.
D Hy dra ŉ nuwe hemp. (1)

7.4 Hoeveel glase is daar op die tafel?

A 2
B 3
C 4
D 5 (1)

7.5 Waar speel die toneel heel moontlik af?

A Hägar se huis
B Die kerk
C ŉ Kafee
D ŉ Kroeg (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D SKRYFWERK

## VRAAG 8 INSTRUKSIES OF E-POS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Beantwoord EEN van die volgende vrae uit hierdie afdeling.

2. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

3. Die uiteensetting van jou skryfstuk is belangrik.

4. Beplan jou skryfstuk voor jy jou finale kopie begin skryf. Skryf **BEPLANNING** boaan.

5. Skryf nou die **finale produk**.

6. LENGTE: 100–120 WOORDE

**KIES VRAAG 8.1 OF 8.2**

8.1 **INSTRUKSIES**

Verduidelik in ongeveer 10–15 stappe hoe om ʼn heerlike **nagereg** voor te berei.



[http://skullz.org/pics/meltingpot/album/slides/desserts.html] **[20]**

**OF**

8.2 **E-POS**

- Jy voel dat jy hierdie jaar baie hard gewerk het en dat jy al jou **doelwitte** bereik het **("goals achieved")**.
- Jy glo dat jy baie spesiale **geskenke** vir die vakansie en Kersfees verdien.
- Skryf vir jou ouers ŉ **e-pos** om hulle ŉ idee te gee van jou doelwitte wat jy bereik het en watter geskenke jy wil hê.
- Jy moet dit in die **formaat** van ŉ e-pos skryf
- Gebruik die aangehegte vorm.

**AAN :**

**CC :**

**ONDERWERP** :



**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

## AANHEGSEL

## VRAAG 8.2: E-pos

**(Skeur af en handig in)**

**Naam:** ______________________________

| |
|---|
| **Aan:** |
| **Cc:** |
| **Onderwerp:** |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |